# Delta verkry R980 miljoen voor sy notering

Die Delta Property Fund se private plasing aan uitgesoekte beleggers is beduidend oorvolskryf. Hy noteer Vrydag op die JSE.

Delta het gister in 'n Sensverklaring gesê hy het R980 miljoen verkry deur 119 512 195 koppeleenhede teen R8,20 elk te plaas. Dit sal op noteringsdag aan suksesvolle kandidate oorgedra word.